rooi rose MENSE

Louis & Hardy se LIG-HUIS

In 'n baai waar winde waai, in 'n huis waar lig woon, het Louis en Hardy hul somertuiste betrek

Deur MARIËTTE CRAFFORD. FOTO'S deur JOHAN WILKE

"Hoe loop die pad na jul huis toe?" het ek vir Louis en Hardy gevra toe ek in Vredenburg aankom. "Watter kant toe draai ek?" My bakens in 'n landstreek wat ek nie juis goed ken nie, was twee vuurtorings - regsdraai na Shelly Point se vuurtoring se kant toe of linksdraai na waar Kaap Columbine se vuurtoring staan.

Volgens hul aanwysings het ek regterkant toe padgevat, 'n entjie aangery, links geswenk. Stompneusbaai, Shelly Point, Britannia-baai. Ek het seelangs gekruie totdat ek verdwaal het. Ek het hulle gebel. "Jy's naby," het Louis gesê en weer beduie. "Ek gaan solank die vis afbak en Hardy steek die vuur aan," het hy gesê.

Oplaas het ek by 'n huisagentskap in 'n nuwe dorpie, Cape St. Martin, gestop en vir 'n vrou gevra hoe ek by St. Lawrence-gleuf 8 in die Kaap St. Martin-natuurreservaat uitkom. "O! Is jy op pad na Louis en Hardy toe?" het sy vrolik gevra en verduidelik hoedat ek straataf en om 'n sirkel moes ry. 'n Kringloop is voltooi, het ek gedink terwyl ek haar aanduidings gevolg het.

By 'n groot houthek moes ek nommer 8 druk, het die vrou gesê, en dan sou hulle oopmaak.

Toe ons karvrag vol kuiermense daar aankom, was die hek al oop. Louis en Hardy het voor hul huis vir ons gewag. Nes die keer toe ek as huisgas saam met 'n toergroep by hul chateau in Boussac, Grand Massif-hartland van Frankryk aangekom het, het en wag en ons met dieselfde gulheid ver-ggend was daar 'n uitbundig-ac. Die twee Afrika weer net "Louis" en "Hardy" – nou die eienaars van die somerhuis in Kaloenie se Baai.

Baie is vir hulle soos wat dit was voordat hulle jare gelede Suid-Afrika verlaat het toe hul Europese bloed geroep en hulle hul in Frankryk gevestig het. Die bekendheid van die landskap, die somerson se lig en hitte, die nabyheid van geliefde vriende wat saam met hul Weskuswoning gekom het, was te verwagte. Maar terselfdertyd is alles ook anders voorheen toe hulle in Suid-Afrika gewoon het. 'n Ewewig is intussen geslaan. Daar is nie nou meer 'n verskeurdheid tussen hul hunkering na hul Europese herkoms in die noordelike halfrond en hul geboorte-grond in die suide van Afrika nie. Op albei vastelande het hulle tuisgekom.

"Ek voel vir die eerste keer in my lewe totaal genoegsaam – dat my lewe in ewewig is. Werklike ewewig. Nie 'n oppervlakkige ewewig nie – dis 'n dieplopende ewewig. In denke en wese en in ," verklaar Louis met die intrapslag.

rtaal verbeeld 'n triomfantlike intog van 'n koninklike op 'n oop koets in 'n geil woud vol blomme en diere getitel "Eté", die aanbreek van die somer. Toe Hardy die 17de-eeuse Franse tapisseriekunswerk van Aubusson genaamd "Somer" koop, het hy geweet dit moet saamkom na hul somerh in Suid-Afrika wat tóé nog net 'n lugkasteel in hul toekoms w

Jare lank was Frankryk hul tuisland ... hul enigste adres o aardbol. Daar het hulle geleef en gewerk en geskep.

Met ander bestanddele en volgens ander resepte het H kosgemaak en met ander plante as wat hy as kind in Na geken het, het hy op die landgoed tuingemaak. Die sk Louis in sy ateljee bo-op die koetshuis langs die cha het, het 'n ander toonaard gekry as sy kunswerke v het voordat hulle uit Kaapstad na die Middeleeu Boussac in die middel van Frankryk geëmigree nie net liefgeraak vir Frankryk en 'n bestaan v Boussac bewerkstellig nie – hul chateau het geword vir talle Suid-Afrikaners wat saam van hul kook- en skryfkursusse, en tuin-